

28 Maart

Hebreërs 12:18-24, (Teks: 12:24)

Watter bloed beheers ons lewe?

Ons teks praat van bloed. Daar is die bloed van Abel. Hy is deur sy broer Kain vermoor. Dit was die eerste moord na die sondeval. Hoeveel moorde is daar sedertdien op die aarde gepleeg? Ons het nog nooit soveel sinlose moord en bloedvergieting beleef as op die oomblik in Suid-Afrika nie. En die meeste moordenaars kom weg. Maar die bloed van hulle slagoffers roep om wraak. Dit is die wrede werklikheid van die wêreld van 1999.

Maar daar is ook 'n groter werklikheid. Ons teks praat van die bloed van besprenkeling wat van beter dinge getuig as Abel. Dit is die bloed van Jesus wat op Golgota vergiet is. Hy is deur die mense vermoor terwyl Hy onskuldig was. Hy was 'n slagoffer van die haat en die sonde. Maar Hy was baie meer. Hy is die Middelaar van die Nuwe Testament (Verbond). Hy het God se verbond kom herstel. Hy het kom verseker dat God se Raadsplan met die wêreld deurgaang, dat Kain en al die goddelose moordenaars tot vandag toe dit nie kan verydel nie. Sy bloed was offerbloed, versoeningsbloed. Dit reinig en was ons siele van die onreinheid van die sonde. Dit spreek van vrede en versoening met God. Ons lewe word nie beheers deur die sonde, die moord en doodslag wat ons elke dag sien en beleef nie, maar deur die bloed van Jesus Christus wat ons reinig, wat verlossing gebring het, wat aan ons die ewige lewe gee. Sy bloed moet ons lewe beheers, nie die bloed wat roep om wraak en vergelding nie. Sy bloed alleen kan ons bewaar van haat en rassisme en wraakgierigheid, van moedeloosheid en wanhoop. Omdat sy bloed gevloei het, leef ons in die verskriklike wêreld van 1999 by die poort van die hemel.

Dr. C.F.C. Coetzee (Potchefstroom)